

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 04 Oct 2017
Page: 6

AVE: 18888.71
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



# Landloopspan wen óók die trofee

**Wilhelm de Swardt**

Tukkies se sporttrofee-versameling bly steeds groei. Die afgelope naweek in Kimberley het die landloopspan die Suid-Afrikaanse Universiteite-byeenkoms gewen.


Dit is die eerste keer dat Tukkies se atlete die landloop-byeenkoms algeheel wen. Die sege beteken dat die universiteit nou reeds in agt van die nasionale studentesportbyeenkomste koning gekraai het.

Die helde van die Tuks-sege was beslis die vroueatlete. Stella Marais het die 4 km-wedloop gewen. Anuscha Nice was tweede en Michelle Redelinghuys sesde. Met dié vertoning is daar seker gemaak hulle wen ook die spanafdeling. Tuks se B-span het derde in die spanafdeling geëindig.

Die volgende dag het Tuks se A-span ook die padaflos gewen en gehelp om die gemengde aflos te wen.

Tuks se Dais Malebana was tweede in die 4 km-wedloop vir mans. Tuks was derde in die spanafdeling.

Die algehele wenner word bepaal deur die span wat die meeste medaljes wen. Tuks het agt medaljes (drie goud, twee silwer en drie brons) gewen. TUT was tweede met ses medaljes (drie goud, twee silwer en een brons) en Kovsies derde met vier medaljes (twee silwer en twee brons).



**Die Universiteit van Pretoria se landloopspan het die Suid-Afrikaanse Universiteite-byeenkoms gewen.**

Stella Marais het 'n leeueaandeel gehad in die drie goue medaljes wat Tuks gewen het.

"Landloop is 'n spansport. My enigste motivering die naweek was om Tukkies te help om te wen. Ek dink ons vrouespan het die vrugte gepluk van die gesonde gees van mededinging wat daar tussen ons heers. Wanneer ons aan 'n wedloop deelneem, wil elkeen van ons wen, wat beteken ons druk mekaar gereeld 'diep in die rooi'. So, ons is gewoond daaraan om onder druk te presteer," sê Marais, wat in Februarie in die hospitaal behandeling vir lewerinfeksie ontvang het.

"Dit was 'n teleurstelling om 'n groot deel van die atletiekseisoen mis te loop, maar so 'n terugslag dien ook as motivering want 'n mens waardeer meer hoekom jy hardloop."

Marais het in Europa gekwalifiseer om Suid-Afrika in die 5 000 m op die Wêreld-Studentebyeenkoms te verteenwoordig met haar tyd van 16:29. Ongelukkig is sy nie gekies nie want net twee atlete van een land mag in dieselfde nommer deelneem.

Nog 'n hoogtepunt was toe sy onlangs tweede geëindig het in die 10 km-wedloop van die Kaapstad Marathon-byeenkoms.

Marais beplan om vir die volgende jaar of twee haarself toe te spits op die 5 000 m op die baan en 10 km-padwedlope. Haar groot droom is om ook aan die marathon deel te neem, maar sy wil eers fisies sterker en meer ervare wees voordat sy dit doen.

Hardloop is 'n absolute passie vir haar. "Dit is vir my die eerlikste sport wat daar is. Wat jy insit is wat jy uitkry, met ander woorde hoe harder jy bereid is om te oefen hoe vinniger word jy. In middelafstand en padwedlope gaan alles op die einde daaroor wie die vinnigste is en die langste kan vasbyt."




**Die Tuks-atleet Stella Marais (middel) het die 4 km-wedloop gewen. Anuscha Nice (ook Tuks) was tweede en Danel du Plessis (Pukke) was derde.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.